# WÊRELDGEBEURE

**Buiteland.**

Die wêreldtoneel word op pilitieke gebied tans beheers deur die figure van Eisenhower en Malenkof. Sedert die bewindsaanvaarding van die Amerikaanse president en die dood van Stalin het reeds dramatiese verwikkelinge plaasgevind.

Die inswering van Eisenhower staan as 'n ligbaken uit bo die troebele van ons tyd. Gesien teen die agtergrond van die ongeloofsmagte wat in in die Ooste opdoem, en teen die ontkerstening in die Weste, is dit moedgewend dat die leier van 'n miljoenevolk by sy ampsaanvaarding in die gebed voorgaan. In die moderne wêreld behoort sulke gebeurtenisse tot die seldsaamhede. Dit gee vertroue as Eisenhower 'n verbond maak met die Potentaat van alle potentate.

Van die begin af het hy dan ook kragtig opgetree en aangetoon dat dit hom erns is om vrede op die aarde te probeer verkry, sonder om egter aan die kommunistiese agressie 'n duimbreed toe te gee. Hy het die Russe in 'n moeilike parket gedryf met die vermelding van die voorwaardes waarop hulle vredesoffensief as eg aanvaar kan word, nl., vrede in Korea, selfbestemmingsreg aan die Oos-Europiese satellietstate en ontwapening.

Intussen het die magtige diktator oor seker wel twee-derde van die wêreld ook die weg van alle vlees gegaan. Daar was seker in heel weinig oë trane by sy verskeie. Sy opvolger Malenkof, het dadelik die wêreld verras deur 'n beleid wat wonderlik toegewend is. Groot getalle gevangenes is vrygelaat, in die V.V.O. is plotseling 'n onbekende toeskietlikheid geopenbaar en selfs in Korea het die hoop op 'n wapenstilstand opgevlam. Plotseling was daar 'n oplossing vir die dooiepunt in verband met die krygsgevangenes.

Tereg het Churchill verklaar dat dit nog te vroeg is om 'n oordeel oor die nuwe Russiese beleid te vel. Daar sal eers 'n proeftyd gegee moet word. Intussen skyn dit of Amerika en die Altantiese Verbond nie van plan is om die waaksaamheid te laat verslap nie.

As daar werklik vrede in Korea kom, sal dit na alle waarskynlikheid 'n ekonomiese resessie tot gevolg hê, veral in die lande wat groot fabrikante van oorlogsware is. Een goeie gevolg sal wees dat die geweldige hoë lewenskoste sal daal.

'n Gebeurtenis van die eerste rang is die steeds toenemende inmenging van Nehroe, eerste minister van Indië, in die sake van Afrika. Sonder eerstehandse kennis van toestande kies hy openlik die kant van die gekleurde rasse. Dit is geen geheim meer nie dat Nehroe daarna streef om van sy land 'n leidende moondheid in die wêreld te maak, met die Indiese Oseaan as 'n Indiese binnesee. Ook Australië is hiervoor bedug. In Afrika is daar reeds tienduisende Indiërs om die veld voor te berei vir grootskaalse emigrasie. Ons het hier waarskynlik die begin van 'n saak waarvan ons die einde nie gou sal sien nie.

Besonder betekenisvol is in hierdie verband ook die persberig dat Indiërs wel geneig is om blankes toe te laat om sosiale en mediese werk in Indië te doen, maar dat dit hulle hoegenaamd nie aanstaan as daar pogingе aangewend word om kersteningswerk te doen nie. Dit lyk werklik of die Ooste gedetermineerd is om alle spore van die Christendom uit te wis. Ons kry dus nie alleen te doen met 'n Oosterse agressie nie maar bowendien met 'n uitgesproke anti-Christelike. Ernstige tekens van die tyd!

Teen so 'n agtergrond gesien hoef dit ons dan ook geensins te verwonder dat die onluste op ons kontinent maar nie wil ophou nie.

Dit skyn of die owerhede in Kenia die Mau-Mau-terrorisme maar nie kan onderdruk nie. Egipte bly beslis in sy eise dat Britse troepe die Suez-kanaalgebied moet verlaat. Dit spreek egter vanself dat die Suez-kanaal uiters kwesbaar word as Egipte dit moet beskerm. Die staat Israel slaan die hele ontwikkeling dan ook met besorgdheid gade en sou liewer sien dat die Westerse volke hierdie gebied beheer.

'n Gebeurtenis wat verreikende betekenis kan hê, is die besoek van maarskalk Tito aan Engeland. Dit moet vir Rusland 'n doring in die sy wees, hoewel 'n mens maar skepties staan teen die bondgenootskap met so 'n uitgesproke kommunis en diktator.

Deur die groot wêreld miskien hoegenaamd nie opgemerk nie is tog die vergaderinge van Calviniste wat D.V. Julie en Augustus in Europa gehou word, van wydstrekkende betekenis. Ons herinner aan die Geref. Ekumeniese Sinode te Edenburgh, die vergadering van die Internasionale Gereformeerde Sendingsraad op dieselfde plek en die Internasionale Konferensie van Calviniste te Montpellier (Frankryk). Hier word bewapen vir 'n geestelike stryd in belang van die koningkryk van die hemele.

Hier word teenoor die evangelie van die hamer en die sekel die evangelie van die kruis gestel.

**Suid-Afrika.**

Die afgelope tyd het ons land in die teken van 'n verbete eleksiestryd gestaan. Albei kante het besef dat groot dinge op die spel sou wees. Dit sou vir die Nasionale Afrikanerdom 'n gevoelige slag gewees het as die V.P. weer die bewind oorgeneem het of as daar 'n soort skaakmat-toestand ontstaan het. Aan die ander kant het die V.P. ook besef dat as hulle die paal nie nou haal nie, daar by hulle 'n verbrokkeling sal intree.

Die uitslag toon ondubbelsinnig aan in watter rigting die wind waai. Die V.P. het geen idealisme om aan die jeug te bied nie. Nasionalisme breek orals op die wêreld uit. Hoe sal hulle dit hier keer? Hierdie eleksie het getoon wat kan gebeur as daar eenheid is onder hulle wat „Suid-Afrika eerste" op hul banier skrywe, en as daar 'n rigtingvaste beleid is. Wat 'n moeilike pad is daar nie sedert 1933 bewandel nie! Die Nasionale Regering beskik nou oor 'n veilige meerderheid en kan met kalmte sy beleid verder uitwerk. Die ekonomiese vooruitgang was gedurende die afgelope vyf jaar fenomenaal, en dit is gerusstellend om van min. Havenga te verneem dat 'n resessie ons land nie eintlik sal raak nie. 'n Mens wil hoop dat goeie wil en verstand mag seëvier, sodat met 'n so groot moontlike samewerking die rassebeleid vir die toekoms uitgestippel mag word.

Die regering staan voor moeilike probleme waar hy nog geen tweederde meerderheid verkry het nie. Mag hulle die leiding van God vra en ontvang.

Jammer dat die kroningsfeeste nou weer na hierdie nasionale hoogtepunt moet volg—'n uitstekende geleentheid vir imperialistiese propaganda Hoe jammer dat drie van ons ministers hul geroepe voel om die plegtighede in London by te woon! Ons moet die konstitusionele posisie vir die huidige aanvaar, maar moet ons nie duidelik laat verstaan dat ons vuriglik hoop dat dit van korte duur sal wees nie? Ons het seker niks teen die Koningin nie, wat ongetwyfeld 'n eerbare persoon is, maar ons wil so gou moontlik ons eie president in die amp stel.

Wat gaan ons doen op die Kroningsdag? Gaan ons die feeste oorlaat aan imperialiste en koningsgesindes of gaan ons toelaat dat ons jeug onder die indruk kom van die mag van die empaaier? *Gaan ons nie op*

*daardie dag op geskikte plekke ons republikeinse saamtrekke hou nie?* Gaan ons nie die nasionale vloedgolf verder versterk deur dit te wys op sy eindideaal nie?

Ten slotte, 'n woord van welkom aan die Afrikaanse Calvinistiese Beweging wat hom ten doel stel om die beginsels wat Koers ook onderskryf, op die verskillende lewensterreine te verbrei en toe te pas. Na twintigjarige ondervinding met Calvinistiese organisasies het dit duidelik geword dat dit veel beter sal wees as die verskillende gedagterigtinge elkeen in eie kring werk, met goeie verstandhouding tussen die verskillende organisasies . Die A.C.B. wil veral hulle konsolideer wat hulle om „Potchefstroom" skaar. Ons kan verder verwys na die oproep en statute wat hopelik in hierdie uitgawe sal verskyn. Mag hierdie nuwe Beweging lewenskrag toon, tot welsyn van ons volk en tot uitbreiding van die Koninkryk van God.

S.d.T.